NATAL PARKS BOARD SA Game, 1(3) July 1995

**Bewaring**

# Renostergetalle by Hluhluwe-Umfolozi Park

Volgens die Natalse Parkeraad staan die bevolkingsyfer van die witrenosters in die Hluhluwe-Umfolozi Park tans op tussen 1 435 en 2 175, met 'n geskatte gemiddeld van 1 800 diere.

Gedurende September 1994 is 'n grootskaalse helikoptertelling in opdrag van die Bestuurskomitee van die Park gedoen. Die telling is gedoen in alle dele van die Hluhluwe- Umfolozi Park wat 1 000 km2 beslaan. Die telling het die syfer van 1 214 witrenosters wat werklik gesien is, opgelewer. Die helikoptertelling is aangevul deur 'n telling op die grond waartydens die internasionaal aanvaarde metode van lynsteekproefnemings gebruik is. Sowat 700 km2 is visueel gefynkam deur personeel wat langs die sowat 1 000 km van lyne wat deur die bos getrek is, gestap het. Elke lyn is minstens 14 keer deurstap om 'n akkurate syfer te verseker. Al die inligting wat tydens die twee tellings verkry is, is toe statisties aangepas deur 'n korreksiefaktor te gebruik om die geraamde getal renosters te verkry.

Ingevolge Raadsbeleid mag lynsteekproefnemings nie in die Wildernisgebied van die Umfolozi-wildreservaat gedoen word nie. Die geraamde getalle is dus geëkstrapoleer om daardie renosters wat in dié ongerepte deel van die Park voorkom, in te sluit. Die Natalse Parkeraad is tevrede dat die getal witrenosters in die Hluhluwe-Umfolozi Park ooreenstem met die beraamde getal. Daar was egter 'n geringe afname in die diere se getalle as 'n mens vanjaar se telling met die telling van 1991 vergelyk (2 000). Hierdie afname is egter nie onverwags nie, aangesien heelwat renosters sedert 1991 hervestig is. Kalwers maak tans 14 % van die renosterbevolking in die Park uit, wat dui op 'n gesonde bevolkingsaanwas.

Volgens dr George Hughes, Uitvoerende Hoof van die Natalse Parkeraad, weerspieël die uitslag van die jongste tellings geen onverwagte of abnormale tendense nie.

Hy sê ook dat die Natalse Parkeraad die instansie is wat erkenning ontvang het dat hy die witrenoster van uitsterwing gered het. Sy Raad is vasbeslote om, ondanks die toenemende bedreiging wat renosters in die gesig staar, die langtermynoorlewing van hierdie diere te verseker. Sy Raad ag hom gelukkig dat hy oor uiters toegewyde veldpersoneel beskik wat sy parke beskerm. Die inwoners van KwaZulu-Natal kan op hulle staatmaak.

5973


*ATTENTION ALL FARMERS !!*

TRACY & DU PLESSIS GAME CAPTURE cc

GRANT TRACY and JERRY DU PLESSIS

**WE CAPTURE, BUY & SELL ALL SPECIES OF GAME**

**We invite you to contact us before you buy or sell your game.**

***"GAME IS OUR BUSINESS"***

STOCKOWNERS VEEBOERE

NATAL GAME RANCHERS ASSOCIATION

**OUR REF:**
**Natal Game Marketing Association**
**FRANS RAS(0331) 451227**
**OR (0331) 940705 (a/h)**

NATAL GAME MARKETING ASSOCIATION